In dieselfde bootjie as Christus

Teks: Matteus 8: 23 - 34
Teksvers: Matteus 8: 26 & 34

1. Inleiding

Hoe dikwels het ons nie al by iemand in wat in ’n moeilike situasie is gehoor: “maar, jy verstaan nie my omstandighede nie” of “maar jy is nie in my bootjie nie” soos die spreekwoord sê. Miskien het ons al self hierdie stellings gemaak teenoor mense wat ons wil help. En waarskynlik is die baie waar. Daar is algemene probleme wat dit vir ons almal moeilik maak, soos inflasie, rentekoerse, brandstofpryse en swak dienslewering. Maar dan is daar ook dikwels dinge uniek aan my eie situasie. Dinge soos my vermoëns, geleenthede en afkoms.

Maar dan is daar ook iets anders wat ons wat hier bymekaar is. Ons is hier saam as broers en susters in die gemeenskap van gelowiges. Daarom pak ons ook dinge anders aan as ’n ongelowige wêreld, rondom ons. Ons leef uit die geloof. Maar wat beteken dit? Veroorsaak dit ’n lewe vol maanskyn en rose? Of is daar steeds ontberings, en wat gebeur dan in hierdie ontberings?

Ons fokus vandag op die Jesus se woorde uit die Matteus evangelie. Matteus se weergawes van die wonderwerke wat Christus tydens Sy bediening is meer tematies gegroepeer. Wanneer ons dan na die voorafgaande gedeelte kyk, sien ons dit handel oor hoe Jesus gevolg moet word. En Jesus maak die harde realiteite van hierdie wêreld baie duidelik in hierdie voorafgaande gedeelte. Maar nou in ons teksgedeelte vandag is die dissipels midde hierdie moeilike beloofde omstandighede.

Maar die vraag waar ons hoop ook vandag lê is in wie saam met hulle aanboord is. Kom ons gaan ondersoek hoop, vastigheid en verlossing ook vir wanneer die storms in die lewe ons tref. Kom gaan luister na Christus se leerstellings oor in die geloof optree.

2. ’n Basiese geloof

Ons teksgedeelte begin waar Jesus in ’n skuit klim en wegvaar. Maar Jesus is nie alleen nie. Hy roep 12 ander mans om Hom te volg. Hierdie 12 mans gaan dan aanboord saam met Hom. Nou ’n mens gaan nie sommer toevallig aanboord saam met enige iemand nie, veral nie as jy nie regtig seker is waarheen julle oppad is nie. Maar hierdie 12 mans vertrou Christus. En ons kan ’n basiese geloof op hierdie manier beskryf.

En dit is hierdie basiese geloof wat ons ook deel met die dissipels. Jare gelede het ons ook iewers antwoord op die werking van die Heilige Gees gegee. Ons het ons geloof openlik bely in die midde van die gemeenskap van gelowiges. En van daar af gee ons geloofsoortuigings tog ’n basiese rigting in ons lewens. Ons voel ons self steeds gewy aan die rigting en roeping van die Here op ons lewens.

Maar ons lewe soms in sulke stormagtige omstandighede dat ons amper vergeet wie in die skip slaap waarop ons is. Baie kommentaar oor hierdie gedeelte bring die storm in verband met die ’n aanslag van die bose van die bose op die Jesus en die Dissipels. Daar is ’n gevoel van Elia teenoor die Baalpriesters in 1 Konings 18:27 “[27]Teen die middag het Elia hulle begin spot: “Roep harder! Hy is mos ’n god! Miskien is hy diep in gedagte of gou bietjie uit, of op reis, of dalk slaap hy en moet hy eers wakker word!” Die enigste verskil is dat dit hierdie keer die bose is wat hierdie uitroep teenoor die navolgers van die Here.

Dikwels is die uitdagings en beproewings in ons lewens so groot dat ons self voel dat God slaap, terwyl ons besig is om te vergaan. Terwyl ons dalk letterlik die dood in die gesig staar.

3. Kleingelowig

Wanneer hierdie groep dissipels uiteindelik nie meer verder kan gaan nie, gaan maak hulle vir Jesus wakker. Dit is belangrik om die volgende te verstaan. Ons is dikwels verkeerdelik oortuig dat hierdie manne heeltemal uit hulle diepte hier op die see is. Maar ons vergeet dat meeste van hulle juis voorheen vissermanne van beroep was. Hulle het dus oor baie ondervinding beskik om persies hierdie uitdaging van ’n stormagtige see te kan oorkom. Maar ten einde laaste werk niks wat hulle probeer nie.

Dan wanneer hulle vir Jesus wakker maak, is sy eerste woorde kwaai woorde. Dit is woorde van teregwysing. Dit is ons eerste teksvers: “Waarom is julle bang, kleingelowiges”. Hierdie kwaai uitspraak is nie ’n bekende uitspraak van die Here nie. Christus gebruik hierdie spesifieke woord slegs vier keer. Ons lees dan ook nie verder in die Bybel weer hierdie woord raak nie. Maar die woord kleingelowiges word altyd in verband met oorlewing gebruik. Spesifiek in verband met die oorlewing van die dissipels. Die eerste twee gebruike kom uit die bekende gedeelte oor die sorge van die lewe in Mattues 6 en Lukas 12. Dan is daar hierdie uitspraak en ook nog een in Matteus 16 waar dit ook oor brood ter oorlewing gaan.

Dit is presies hier waar die verduideliking oor kleigelowig wees lê. Ons kan amper moderne algemene geloof noem. Dit is behels die oortuiging dat ’n mens in Christus glo, maar nie glo dat Hy jou sal red of beskerm nie. Met ander woorde ’n geloof waar antwoorde vir oorlewing in die ekonomie, gesondheid wetenskap of iets anders lê. Baie soos die dissipels se seevaartvaardigheid wat hulle moet red. Uiteindelik beslaan geloof dan ’n klein area van ons lewens, oortuigings en uiteindelik vertroue.

Maar die waarheid bly dat die bose nie sterker as Christus is nie. Die bose sal nie sommer vir Christus kan doodmaak in Sy slaap nie. En dit uiteindelik kort en lank van die saak is dat die dissipels veiliger is saam die Here wat slaap, as wat hulle ooit so kon wees in die mees moderne en gevorderde skip. Christus is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. En Christus maak nie hek toe voor die vir Hy liefhet nie.

4. Om geloof weg te jaag

Die feit dat die bose nie sterker as die Here is nie, is wel ’n feit wat vir die bose vasstaan. Daarom val ons fokus en tweede teksvers ook op die volgende perikoop in ons teksgedeelte. Christus bestraf wel die storm getrou aan die Job 38 oortuigings en uitsprake. Maar dit is hierdie tweede perikoop wat ons die bose sien praat. En wat die bose sê openbaar eerstens die gesag, maar ook die roeping van Christus. Die bose weet dat hulle tyd nou verby is en kan maar net hoop op ’n genadige uitweg in die varke.

Dit is belangrik om te sien dat Christus die bose geeste toelaat om in die varke in te gaan. Ons ken die res van die geskiedenis so goed. Die varke wat die see in is en verdrink. Die groot ekonomiese ramp wat hierdie heidense gemeenskap tref. Ons weet dat dit nie Israeliete getrou aan die wet van Moses was nie. Want hulle hou dan varke aan, teen die bepalings van Levitikus 11 in.

Nietemin is die verlossing en herstel van hierdie twee jongmanne duidelik, maar vir hierdie gemeenskap is hierdie verlossing en herstel nie iets wat die moeite werd is om nagevolg te word nie. Hulle het die koste bereken om die gebou te bou, en die koste is net te hoog. In hulle ekonomiese ingesteldheid is die genesing van hierdie twee manne nie die prys van die trop varke werd nie. Hulle kom tot die slotsom dat dit beter is, dat die Verlosser weggaan uit hulle midde.

Terug by die fokus op die skuit, sien ons hoe hierdie mens figuurlik vir Christus oorboot gooi, juis nadat Hy die storm kalmeer het en Sy almal oor die bose getoon het. Is dit nie dikwels die gevaar wat ons self loop nie. Om eerder geloof oorboot te gooi, in plaas van verliese op ander gebiede van die lewe te ervaar.

5. Slot

Ons kan afsluit deur die volgende sake op te som uit die preek. Die eerste belangrikste punt is die Psalm 84 : 11 gedagte; “[11]Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God”. Maar in dit wat ons vandag bestudeer het, is dit soveel meer as blote lewensvreugde. In die konteks van vandag se gedeelte gaan dit oor oorlewing. Soos ons gesê het is oorlewing in die aardse sin van die woord altyd ter sprake wanneer die kleingelowige uitspraak aan die beurt kom.

En dit is die groot troos wat aan ons geopenbaar word. Met Jesus aanboord is daar geen kans dat die dissipels hier sal vergaan nie. Ja natuurlik is die pad agter Jesus aan nie altyd ’n voorspeodige vaart nie. Daar gaan stormagtige tye kom. En in hierdie stormagtige tye sal ons dalk ook van die skeepsvraag moet begin oorboot gooi om te oorleef. Maar dan is dit belangrik dat ons met respek gesê nooit die Verlosser en geloof oorboot gooi nie.

Uiteindelik leer Christus ons in Matteus 10: 39”[39]“Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My

verloor, sal dit vind.” Daarom kom ons maak nie net seker dat Christus altyd aanboord is in my lewe nie, kom ons maak hom altyd die eregas aanboord van my lewe. Daardie spesiale passasier waarvoor ek bereid is om enige iets op te offer. Want [2]My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy kan jou voet nie laat wankel nie; jou Bewaarder kan nie sluimer nie. Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie.

Amen